

**Maandag 28 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 140**

**Fokusgedeelte: Psalm 140:2-4**

### **Beskerming teen boelies**

Dawid dig die Psalm in bepaalde omstandighede. Hy kry swaar oor mense wat hom te na kom. Ons kan sê hy loop deur onder boelies. Hulle tonge is los. Hulle gif is soos dié van 'n slang. Hulle is adders (vs 4).

So is 'n boelie mos. Hy knou af en wil net die slagoffer te na kom. Hy is iemand wat 'n ander persoon 'n niemand wil maak. Eintlik is 'n boelie 'n niemand met 'n lae selfbeeld. Ondersoek jouself of jy nie dalk self die boelie is nie. Is jy nie dalk die slagoffer van 'n boelie nie?

Dawid wys op die feit dat boelies ook medewerkers (samesweerders) het (vs 5, 6). Hy wil hê die Here moet hom nie net bewaar van die boelie nie, maar ook van sy meelopers. Is jy nie dalk 'n meeloper nie?

Dawid gee in die Psalm goeie raad. Hy bid vir verlossing en smee vir beskerming (vs 7-9). God wat die harte ken, kan ook die uitkomst gee uit die wurggreep van 'n boelie. 'n Boelie en 'n slagoffer moet besef dat dit die Here is wat mens die krag gee om staande te bly te midde van die soet en suur van die lewe (Fil. 4:13).

So word die saak vir die Here gegee. Hy is die Een wat vergeld. Hom alleen kom die wraak toe (Rom. 12:19; Heb. 10:30). Natuurlik loop dit uit op rekenskap. As dit nie tydens hierdie lewe plaasvind nie, dan vir seker wanneer Jesus Christus weer kom (NGB Art. 37; Matt. 12:36; 2 Kor. 5:10; Op. 20:12). Die boelie sal moet sê waarom hy so opgetree het.

Die versekering vir enige slagoffer is dat jy nie net self oorleef nie, maar juis 'n oorwinnaar is (Rom. 8:31-39) in Christus deur sy Gees.

*Sing: Psalm 140-1:1, 11*

*Dr. JJJ Erasmus (Kobus) (Volksrust/Ermelo)*